SKOOLGELD 2020

SKOOLGELD

GRAAD 1 - 7	GRAAD R	NASKOOL
• **R10 890 per jaar / R990 oor 11 maande.** • Die eerste paaiement van R990 is betaalbaar voor of op 7 Januarie 2020 • **Skoolgeld is vooruitbetaalbaar en moet voor die 7 de van elke maand betaal word.** • **Vrystelling word toegestaan.** • **Korting word toegestaan.**	• **R11 330 per jaar / R1 030 oor 11 maande.** • Die eerste paaiement van R1030 is betaalbaar voor of op 7 Januarie 2020. • **Skoolgeld is vooruitbetaalbaar en moet voor die 7 de van elke maand betaal word.** • Geen vrystelling word toegestaan vir Graad R. • **Geen korting word toegestaan nie.**	• **R11 220 per jaar/ R1 020 oor 11 maande.** • R1020 plus R200 registrasie betaalbaar voor of op 7 Januarie 2020. • **Naskoolgeld is vooruitbetaalbaar en moet voor die 7 de van elke maand betaal word.** • Geen vrystelling word toegestaan. • **Geen korting word toegestaan.**

BETALINGSMETODES

- **Debietorder:** Eerste aftrekking op 1 Februarie 2020. Eerste paaiement is in kontant betaalbaar en nie d.m.v. ‘n debietorder nie. ‘n Vorm moet hiervoor ingevul word.
- **Internet / Direkte Deposito**: Gebruik asb. u kind se **verwysingsnommer (familiekode)** as verwysing. Maak asb. seker dat die kassier die verwysing insleutel, en stuur ‘n bewys van betaling na die skool.
- **Kontant:** Indien u kontant betaal, moet u dit asseblief self by die skool kom inbetaal. Ons het kaartfasiliteite. **Geen kontant word van 2020 meer deur die voogonderwysers ingeneem nie.**
- **D6 Toepassing:** Die toepassing het ‘n “E-wallet” opsie waarmee u al die betalings kan doen.

BANKBESONDERHEDE

Bank: ABSA Pretoria-Noord
Rekeningnommer: 060260028
Tak kode: 509145

VERWYSINGSNOMMER

Meld u kind se unieke verwysingsnommer (familiekode) indien u ‘n internetbetaling maak.

VRYSTELLINGS

- Ouers kan vanaf 14 Januarie 2020 aansoek doen vir vrystelling. Ouers wie se gesamentlike inkomste minder as R310 000 per jaar is, begin kwalifiseer vir gedeeltelike of volle vrystelling.
- Aansoekvorms vir vrystelling is op aanvraag by die kantoor beskikbaar vanaf 14 Januarie 2020.
- Die volgende dokumente moet die aansoekvorm vergesel:
    - Afskrifte van beide ouers se ID's
    - 6 maande bankstate van albei ouers
    - 3 maande salarisstrokies van albei ouers
    - Stempels vanaf al die banke om te bewys dat u nie by die bank 'n rekening het nie.
    - Indien u 'n besigheidsrekening besit moet u 'n uiteensetting van bewys van inkomste en uitgawes vanaf u Geregistreerde Rekenmeester/Ouditeur aanheg

AGTERSTALLIGE SKOOLGELD

- Skoolgeld wat agterstallig raak, sonder dat skriftelike reëlings getref is, word aan Pantheon oorhandig vir invordering. Ouers is verantwoordelik vir alle regskostes.

KORTING OP SKOOLGELD

- 'n Korting van R90 per maand word toegestaan indien die skoolfonds op datum is en elke maand voor die 7de in die skool se rekening beskikbaar is.
- Ouers wat hul skoolgeld eenmalig vooruit betaal kry dadelik 'n korting van R990 en hoef dus net R9900 te betaal vir die jaar.
- Die korting vir elke ouer sal bereken word teen Oktober 2020 behalwe as die ouers eenmalig betaal. Die korting wat toegestaan is sal op 1 November op u rekening verskyn.
- Die korting word elke maand bereken. 'n Ouer wat een maand laat betaal het, maar die volgende maand op datum betaal is, sal die korting kry vir die maand wat die rekening wel op datum betaal is.
- Ons stel voor dat ouers R990 betaal oor 11 maande. Indien ons in Oktober bepaal wat u korting vir die jaar is, hoef u dan nie die paaiement in November te betaal nie.